AFRIKAANS



# OUDITKANTOOR DOEN BEROEP OM KULTUUR VAN AANSPREEKLIKHEID OM DIENSLEWERING IN PLAASLIKE REGERINGS TE VERBETER

**Plaaslike regerings verteenwoordig burgers regoor Suid-Afrika en dra die hoop en aspirasies van gemeenskappe om hulle lewens en lewensomstandighede te verbeter. Groter eise as ooit vantevore staar dié owerhede in die gesig om die vertroue van Suid-Afrikaners te herwin en noodsaaklike dienste soos skoon water, sanitasie, elektrisiteit, afvalbestuur en goeie instandhouding van paaie en infrastruktuur op 'n vinnige en finansieel verantwoordelike manier te verskaf.**

As die hoogste ouditinstelling van Suid-Afrika is ons vasbeslote om ons grondwetlike mandaat uit te voer om 'n kultuur van prestasie, aanspreeklikheid, deursigtigheid en integriteit in plaaslike regering te vestig, wat uiteindelik tot 'n beter lewe vir die mense van Suid-Afrika sal lei. Ons gebruik ons verbeterde bevoegdhede om optrede te eis waar daar 'n gebrek daaraan en aan aanspreeklikheid is. Ons doen dit deur ons oudits van munisipaliteite en hulle entiteite en deur ons insig wyd te deel, aanbevelings te maak en leierskap op alle vlakke van die regering aan te spoor om hulle deel te doen.

Die ouditeur-generaal het die jongste gekonsolideerde algemene verslag oor die oudituitkomste vir plaaslike regering vir 2021-22 op 31 Mei 2023 in die Parlement ter tafel gelê. Die verslag bou voort op die boodskappe in die vorige algemene verslag, met verdere insig in die eerste jaar van die nuwe administrasie. Die nuwe administrasie was vir slegs 'n deel van die 2021-22- finansiële jaar in beheer, en 'n gebrek aan stabiliteit as gevolg van die verandering in leierskap was duidelik – soos in die verlede die geval was. Die nuwe administrasie het dus min impak op die oudituitkomste en die stand van plaaslike regering gehad. Oorkoepelend was daar min verandering, maar die verslag beklemtoon ook verbetering plek-plek en die optrede wat die regering geïnisieer het om verandering aan te dryf as 'n boodskap van hoop vir beter uitkomste en die gevolglike impak op die geleefde realiteite van alle Suid-Afrikaners. Ons moedig verkose verteenwoordigers steeds aan om hulle optrede te versterk om 'n kultuur van prestasie, deursigtigheid en integriteit te vestig en aanspreeklik te wees teenoor die gemeenskappe wat hulle dien.

## OPSOMMING VAN SLEUTELBOODSKAPPE

- **Oudituitkomste** het oorkoepelend min verbetering getoon en die getal skoon oudits het afgeneem. Aan die positiewe kant was daar ook minder munisipaliteite waarvan die 8ouditmenings weerhou is. Die grootste verbeterings was in KwaZulu-Natal en die

Oos-Kaap, en die grootste netto agteruitgang in Gauteng en die Wes-Kaap. Terwyl twee metro's hulle oudituitkomste verbeter het, is dit geneutraliseer deur twee ander metro's wat agteruit gegaan het.

- Munisipaliteite met **skoon oudits** word gekenmerk deur gesonde finansiële en prestasiebestuursdissipline en voer hulle funksies in ooreenstemming met toepaslike wetgewing uit. Hulle beplan voldoende vir en implementeer diensleweringsprogramme met sukses, en doen geloofwaardig verslag van hulle prestasie. Voorts bestuur hulle projekte doeltreffend sodat tekorte dadelik geïdentifiseer en reggestel word, en sodat tydlyne, begrotings en gehaltestandaarde nagekom word. Die goed funksionerende beheeromgewing en goeie stelsels wat in hierdie munisipaliteite teenwoordig is, vorm 'n stewig fondasie waarvandaan rade nou die verbetering van hulle prestasie en dienslewering selfs verder kan prioritiseer. Die munisipaliteite wat hulle skoon ouditstatus behou het, stel steeds 'n voorbeeld van wat moontlik is.

- Die **proses van wesenlike onreëlmatigheid** maak 'n impak. Finansiële verliese van 'n geskatte R479,56 miljoen is as gevolg van die proses van wesenlike onreëlmatigheid verhaal, in die proses om verhaal te word, of voorkom. Ons het hierdie afdwingingsinstrument gebruik om munisipale bestuurders tot aksie aan te spoor om die nie-indiening van finansiële state, die besoedeling wat deur rioolwaterbehandelingsaanlegte veroorsaak word, die niebetaling van Eskom en waterrade, die ondoeltreffende gebruik van finansiëleverslagdoeningskonsultante en die onderliggende oorsake en finansiële impak te hanteer van ouditmenings wat weerhou is, en om interne beheermaatreëls te versterk.

  Die meeste munisipale bestuurders doen stappe om wesenlike onreëlmatighede op te los, maar waar die wesenlike onreëlmatighede nie vinnig of met die nodige erns hanteer is nie, het ons aanbevelings by ouditverslae ingesluit, remediërende optrede ingestel en sake na die betrokke openbare liggame vir ondersoek verwys, indien toepaslik. Met die steun van alle rolspelers, insluitend rade, kan hierdie proses 'n selfs groter impak hê.

- Ons het min verbetering in die gehalte van **finansiële verslagdoening** gesien, daar was steeds 'n oormaat vertroue in die ouditproses om wanvoorstellings te identifiseer en reg te stel, en konsultante is steeds ondoeltreffend gebruik. Onbefondsde begrotings en stygende ongemagtigde besteding toon duidelik die swakhede in finansiële beplanning. Ons het egter verbeterings gesien waar die tesourie- en/of samewerkenderegeringsdepartemente sukkelende munisipaliteite gehelp het. Sonder belegging in vaardighede en vermoë om behoorlike finansiële beplanning, beheermaatreëls en verslagdoening te verseker, kan munisipaliteite nie dienste lewer en verantwoordelik gebruik en op 'n deursigtige manier oor belastingbetalers se geld verantwoording doen nie.

- Munisipaliteite moet in **inligtingstegnologiestelsels** gebruik om hulle te help om doeltreffende en effektiewe dienste te lewer en akkurate finansiële rekords te hou. Dit is egter nie wat gebeur nie, hoofsaaklik omdat hulle nie belangrike stelsels en beheermaatreëls kan ontwerp, implementeer en in stand hou nie. Ondoeltreffende inligtingstegnologiebeheerprosesse het gelei tot beheeromgewings wat kwesbaar was vir misbruik of wangebruik en tot munisipaliteite wat aan kuberaanvalle blootgestel word. Ons het nie 'n opbrengs op belegging gesien vir die groot bedrae wat metro's en groot munisipaliteite aan nuwe en gevorderde stelsels bestee het nie. Inligtingstegnologieprojekte is vertraag, begrotings is oorskry en projekte het nie altyd aan besigheidsverwagtings voldoen nie. Munisipaliteite het ook betaal vir sagtewarelisensies wat hulle nie nodig het of gebruik nie, wat gelei het tot besteding wat vermy kon gewees het.

- Die **finansiële gesondheid** van munisipaliteite het steeds agteruit gegaan, deels omdat die groter ekonomiese druk beteken dat verbruikers nie hulle rekeninge betaal nie, maar ook as gevolg van swak finansiële bestuur. Munisipaliteite verloor geld omdat hulle nie faktureer en inkomste verhaal nie, hulle gebruik onbillike en onmededingende verkrygingspraktyke, en betaal vir goedere en dienste wat hulle óf nie ontvang nie, óf nie gebruik nie. Swak bestuurde plaaslikeregeringsfinansies het 'n direkte invloed op munisipaliteite se vermoë om die beloofde dienste aan hulle gemeenskappe te lewer en plaas verdere druk op die reeds beperkte openbare beursie.

  Krediteure word nie betaal binne die tydlyne wat deur wetgewing voorgeskryf word nie. Die skuld aan Eskom en waterrade veral bly hoog en styg steeds as gevolg van rente en boetes wat op laat betalings gehef word. Indien hierdie skuld nie betaal word nie, word gemeenskappe sonder toegang tot basiese dienste soos elektrisiteit en water gelaat. Dit maak dit ook moeilik om besighede optimaal te bedryf, wat die sukkelende ekonomie verder raak. Die nasionale regering en provinsiale regerings verhoog hulle ingrepe in munisipaliteite in finansiële nood om hulle te help om die uitdagings te hanteer wat hulle in die gesig staar op hul pad na herstel.

- Munisipaliteite skeep steeds hulle **munisipale infrastruktuur** af as gevolg van hulle reaktiewe benadering tot beplanning en instandhouding. Hulle verseker nie dat infrastruktuurprojekte (wat hoofsaaklik deur toekennings befonds word) betyds, binne begroting en teen die regte gehalte afgelewer word nie, en hou nie bestaande infrastruktuur in stand nie. Munisipaliteite met skoon oudits demonstreer egter gesonde projekbestuursdissipline deur die doeltreffende gebruik van staatstoekennings en het die meeste van hulle infrastruktuurtoekennings bestee. Verbrokkelende munisipale infrastruktuur het 'n ernstige uitwerking op dienslewering en benadeel die publiek, wat aan veiligheids- en omgewingsgevare blootgestel is. Munisipale infrastruktuur is ernstig beskadig tydens die vloede wat in April 2022 voorgekom het, en die uitwerking van die oorstromings is vererger deur die gebrek

aan goed in stand gehoude infrastruktuur soos stormwaterdreinering. Die uitdagings wat op infrastruktuur betrekking het, vra vir groter interregeringskoördinering.

- Wanneer 'n munisipaliteit se **ouditmening weerhou word** (die swakste ouditmening moontlik), beteken dit nie net dat die munisipaliteit nie rekeningkundige rekords het om sy finansiële state te staaf nie. Dit weerspieël dikwels 'n kultuur van baie min aanspreeklikheid, deursigtigheid, prestasie of integriteit. Dit is duidelik in swak finansiëlebestuurspraktyke, verbrokkelende infrastruktuur, en die skade wat vir die algemene publiek veroorsaak word as gevolg van besoedeling deur verwaarloosde rioolwaterbehandelingsaanlegte en swak afvalwegdoeningsbestuur. Terwyl daar 'n paar verbeterings was en steun deur provinsiale regerings aan hierdie munisipaliteite verskaf is, moet meer gedoen word. Die uitskakeling van weerhoude ouditmenings sal help om die geleefde ervaring van gemeenskappe te verbeter.

- **Dienslewering** moet beplan word aan die hand van die behoeftes van gemeenskappe, en begrotings en hulpbronne wat munisipaliteite beskikbaar het. Dit moet ook regdeur die jaar bestuur word en die prestasies (of gebrek daaraan) moet op 'n geloofwaardige en deursigtige manier gerapporteer word. Ons sien steeds munisipaliteite wat nie voldoende vir die lewering van belangrike basiese dienste beplan nie, en nie geloofwaardig oor daardie lewering verslag doen nie, en talle wat ook nie hulle beplande teikens behaal nie. Aanspreeklikheid word voorts gekniehalter, aangesien daar min deursigtigheid oor die ware stand van die plaaslike regering se lewering van belangrike basiese dienste soos water, sanitasie, elektrisiteit en behuising is.

  Munisipaliteite se onvermoë om basiese dienste te lewer, dra tot die agteruitgang van gemeenskappe se lewensomstandighede by en vreet die vertroue weg in die regering se vermoë om sy beloftes na te kom. Hierdie voortgesette mislukkings in die mees kritieke deel van munisipale bedrywighede ontvang nie die nodige aandag van rade, die nasionale regering en provinsiale regerings en oorsigstrukture nie. Dit is uiters belangrik dat rade robuuste stelsels in plek moet hê om prestasie te beplan en monitor en daaroor verslag te doen om hulle in staat te stel om hulpbronne te prioritiseer en toe te wys om dienste doeltreffend en effektief te lewer en vertroue in hulle gemeenskappe op te bou.

## BASIESE OORSAKE VAN PROBLEME ONDERLIGGEND AAN SLEUTELBOODSKAPPE

- **Onvoldoende vaardighede en vermoë:** Beperkte vaardighede en vermoë in finansies, inligtingstegnologie en tegniese eenhede (wat vir infrastruktuurprojekte verantwoordelik is) het daartoe gelei dat munisipaliteite swaar op konsultante steun. Vakatures en 'n gebrek aan stabiliteit in sleutelposte soos dié van munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte het tot die beperkte verbetering in

ouditu itkomste en vertragings in die hantering van wesenlike onreëlmatighede en ander oortredings gelei.

- **Beheermislukkings:** 'n Gebrek aan geïnstitusionaliseerde finansiële- en prestasiebestuursmaatreëls het voortgegaan om munisipaliteite swak voorbereid te laat om in tye van verandering en onstabiliteit optimaal bedryf te word. 'n Gebrek aan stabiliteit en ontwrigting in rade, saam met ondoeltreffende munisipale openbarerekeningekomitees het voortgegaan om die doeltreffendheid van beheerprosesse te beperk. Interne-ouditeenhede en ouditkomitees het nie die nodige impak gehad nie, hoofsaaklik omdat hulle aan aanbevelings nie geïmplementeer is nie. Die ingrepe en ondersteuningsinisiatiewe wat deur sommige van die koördinerende instellings verskaf is en die verslagdoening deur die lede van die uitvoerende raad vir plaaslike regering aan provinsiale wetgewers het ook beperkte impak gehad.

- **Gebrek aan aanspreeklikheid en gevolge:** Net so belangrik soos die aanstelling van vaardige amptenare is die noodsaaklikheid om te verseker dat hulle gedissiplineer en aanspreeklik gehou word vir hulle prestasie om 'n kultuur te skep wat uitnemendheid op prys stel en deurlopende verbetering ondersteun. Beperkte, of selfs geen stappe nie, is teen munisipale amptenare en leierskap vir oortredings en swak prestasie gedoen. Dit kan die duidelikste gesien word waar rade nie doeltreffend teen ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende besteding opgetree het nie, en waar munisipale bestuurders en senior bestuur in reaksie op ons bevindings en op aantygings deur ander partye ten opsigte van moontlike bedrog, nieprestasie en die misbruik van die verskaffingskettingbestuurstelsel beperkte optrede ingestel het.

## WAT MOET GEDOEN WORD?

Diensleweringsverbeterings en die verantwoordelike gebruik van die beperkte fondse wat beskikbaar is, sal slegs moontlik wees wanneer munisipaliteite bekwaam, behulpsaam, aanspreeklik en responsief is, en wanneer hulle hulle mandate uitvoer. Munisipale leierskap, rade en burgemeesters in die besonder speel 'n belangrike rol om die toon aan te gee vir etiese gedrag, goeie beheer en aanspreeklikheid, en om 'n kultuur te skep wat vertroue in plaaslike regering bevorder.

***'n Kultuur van aanspreeklikheid sal dienslewering verbeter***

Ons het gedurende ons oudits aan munisipale bestuurders en senior bestuur aanbevelings gegee oor hoe om hulle ouditu itkomste te verbeter. Ons oproep om aksie in die verslag is op die breër aanspreeklikheidsekostelsel, en veral op munisipale rade (insluitend burgemeesters), wetgewers, provinsiale leierskap en koördinerende instellings en hulle uitvoerende owerhede gemik.

Kortom sluit dit die volgende in:

| | |
|---|---|
| **Vaardighede en vermoë** | Ondersteun die professionalisme van plaaslike regering, in ooreenstemming met die pas aanvaarde professionaliseringsraamwerk.<br><br>Vul vakante poste met bevoegde mense, stel munisipale bestuurders tydig aan, gaan voort om munisipale amptenare en raadslede se vaardighede te |

| | |
|---|---|
| | verbeter, en ontwikkel en implementeer planne om die groot vertroue op konsultante te verminder en die oordrag van vaardighede te verseker. |
| **Beheer** | Versterk en institusionaliseer finansiële- en prestasiebestuurdissipline en inligtingstegnologiebeheer; en gaan voort om in voorkomende beheermaatreëls te belê.<br><br>Verseker stabiele en goed funksionerende rade en munisipale openbarerekeningekomitees asook verbeterde oorsig en monitering deur burgemeesters.<br><br>Verkry die volle waarde uit die kundigheid in interne-ouditeenhede en ouditkomitees deur hulle aanbevelings te implementeer. Munisipale bestuurders speel 'n belangrike rol om 'n omgewing te skep waar die rolle van interne-ouditeenhede en ouditkomitees doeltreffend is en hulle aanbevelings geïmplementeer word.<br><br>Koördineer instellings om voort te gaan om saam te werk en pogings te versterk om sukkelende munisipaliteite te help en ondersteuning vir hulle spesifieke behoeftes te ontwerp.<br><br>Lede van die uitvoerende raad vir plaaslike regering moet die gehalte en tydsberekening van hulle verslae aan provinsiale wetgewers oor munisipaliteite se aksieplanne en prestasie verbeter. Provinsiale wetgewers moet onmiddellik resolusies in reaksie op die verslae uitreik en met die implementering van hierdie resolusies tred hou. |
| **Aanspreeklikheid en gevolge** | Interne beheermaatreëls moet behoorlik gemonitor word om finansiële- en prestasiebestuursmislukkings betyds te identifiseer.<br><br>Die implementering van die Nasionale Tesourie se leiding oor die hantering van ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende besteding moet verbeter word, en die Nasionale Tesourie se gevolgebestuur- en aanspreeklikheidsraamwerk moet aanvaar word.<br><br>Munisipale openbarerekeningekomitees, dissiplinêre rade en ondersoekprosesse moet versterk word.<br><br>Die oplossing van wesenlike onreëlmatighede deur rade, munisipale openbarerekeningekomitees en provinsiale leierskap en wetgewers moet gemonitor en ondersteun word. |

Die leierskap in die nasionale regering en provinsiale regerings het in reaksie op ons vorige algemene verslag verbintenisse gemaak – en ook tydens ons gesprekke met hulle in die aanloop tot die tertafellegging – om aanspreeklikheid en dienslewering in plaaslike regering te verbeter. Verskeie inisiatiewe word geïmplementeer, soos groter ingrepe, ondersteuning en finansiëleherstelplanne vir wanfunksionele munisipaliteite en dié in finansiële nood, en vir die implementering van die distriksontwikkelingsmodel. Ons sal voortgaan om hierdie verwikkelinge te monitor en daaroor verslag te doen.

Ons besef dat dit nie altyd maklik is om die uitdagings in die plaaslikeregeringsruimte te hanteer nie, en word bemoedig deur die vordering wat gemaak word om munisipaliteite se prestasie te verbeter – veral die afname in die getal munisipaliteite met ouditmenings wat weerhou word.

Waar ons wel verbeterings gesien het in óf oudituitkomste, óf stappe wat gedoen is om langdurige probleme op te los, was dit dikwels die gevolg van doelbewuste stappe wat munisipaliteite gedoen het om hulle internebeheeromgewings te verbeter en versterk, en deur ingrepe van koördinerende instellings te ondersteun. Die proses van wesenlike onreëlmatigheid het ook tot optrede gelei, byvoorbeeld die indiening van finansiële state wat lank uitstaande was, beter hantering van infrastruktuur van 'n swak gehalte en rioolwaterbehandelingswerke, en ingrepe deur koördinerende instellings wat munisipaliteite in staat gestel het om hulle internebeheeromgewings te verbeter.

Deur middel van insigte uit ons oudits, die proses van wesenlike onreëlmatigheid en gereelde en impakvolle interaksie met alle rolspelers bly ons verbind tot vennootskappe met en ondersteuning van die plaaslike regering se aanspreeklikheidsekostelsel.

Einde